SAKE 24 (Rapport)
15 Apr 2012, p.8

ERFLATINGS

# Goeie finansiële beplanning moet testament voorafgaan



RAAD MET JOU RANDE

NICO VAN GIJSEN

Ons kyk vandag na 'n probleem met testamentêre bemakings.

'n Leser skryf dat hy aangestel is as eksekuteur van sy pa se boedel. Hy moet meer as R3 miljoen uitbetaal aan boedelverpligtinge. Onder meer is daar 'n bemaking van R2 miljoen kontant aan die dogter (die leser se suster).

Die leser wil weet of hy met sy suster 'n ooreenkoms mag aangaan, anders gaan hy geld moet leen om die boedelverpligtinge na te kom.

Sy eie erfporsie, wat 'n plaas insluit en waarvan sy toekoms afhang, is in die gedrang.

Laat ek begin deur aan te haal uit die brief van nóg 'n leser, wat ook nou sukkel met 'n testament. "Die testament is goed opgestel. Ek het dit deur 'n prokureur laat nagaan die week toe hulle gratis testamente opgestel het."

My verwysing na die tweede leser is bloot om te bevestig dat 'n tegnies "korrek" opgestelde testament nie die begin en einde van die boedeladministrasieproses is nie.

'n Testament, sonder inagneming van minstens basiese voorafgaande finansiële beplanning, is soos om 'n skoot in die donker te skiet. Jy tref dalk iets, maar dit kan enigiets wees. Kom ons kyk, as voorbeeld, na ons leser se probleem.

Daar is 'n verskil in erfgename. Die leser erf die plaas en alles anders. Hy is die restant-erfgenaam. Sy suster erf 'n spesifieke bemaking, die R2 miljoen. Sy is 'n legaat-erfgenaam.

Daar is 'n hemelsbreë verskil tussen die twee, wat uit die oog verloor kan word by die opstel van (gratis) testamente wat nie volg op behoorlike finansiële beplanning nie.

Die legaat-erfgenaam kry voorkeur bo die restant-erfgenaam. Restant-erfgename kan net erf dít wat oorbly in die boedel, nadat alle skuld en ander verpligtinge, soos sterftekoste, boedeladministrasiegeld en belasting nagekom is.

Die leser se reg om te erf vestig verder ook eers nadat sy suster se erfgeld aan haar oorbetaal is.

En as daar, soos blyk die geval hier te wees, nie genoeg kontantbates is om aan haar die R2 miljoen te betaal nie, sal hy die plaas moet verkoop.

Ek is seker dit was nie sy pa se bedoeling toe hy die testament opgestel het nie. Selfs 'n basiese finansiële beplanning voor die tyd sou dié probleem betyds uitgewys het.

Nou verloor die seun dalk die erfplaas, of hy gaan self geld moet leen om sy suster haar erfporsie te gee.

Hy en sus mag wel 'n herverdelingsooreenkoms aangaan. Die suster mag ook weier om haar erfporsie op te neem – 'n mens is nie verplig om te erf nie – in welke geval haar porsie sal terugval in die restant. Maar wie sê nee vir R2 miljoen?

Ek verwyt niemand nie. Hierin is vir ons almal 'n les. Jou testament is 'n regsdokument wat volgens bepaalde regsreëls en interpretasies uitgevoer gaan word.

Besef dat as jy kortpaaie loop met die opstel daarvan, jy jou naasbestaandes kan seermaak, want jy is dan dood en kan niks meer aan die saak doen nie.

▸ *Nico van Gijsen CFP® is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Stuur navrae na Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of e-pos na nico@finlac.com.*